Een van die beste atlete wat die land nóg opgelewer het’

2009-09-25 00:56

Krogman was briljante atleet

Sarel van der Walt

Andries Krogmann was meer as net ’n man wat ’n pot kon roer.

Die Maak ’n las-kok wat hom eergisteraand by sy huis in die Paarl, in die Boland, opgehang het, was een van die beste atlete wat die land nóg opgelewer het.

Dié oud-Springbokatleet sal onder meer onthou word vir sy titaniese stryd met Lesotho se Matthews Batswadi by die eerste sogenaamde veelvolkige atletiekbyeenkoms wat in 1971 in die Groenpunt-stadion in Kaapstad gehou is.

Hy het tussen 1971 en 1977 Springbokkleure verwerf en op die baan, in veldloop en op die pad uitgeblink.

“Ek sal Kroggie veral onthou as die man wat die legendariese Finse atleet Lasse Viren in dieselfde Groenpunt-stadion geklop het toe Viren Olimpiese kampioen was,” het nóg ’n atletieklegende, die oud-Springbokmarathon-atleet Jan Barnard (79), gisteraand aan Beeld gesê.

Hy het Krogmann sy hele loopbaan lank afgerig – sedert Krogmann in st.?7 (gr.?9) aan die Hoërskool Florida in Roodepoort was totdat hy sy spykerskoene aan die einde van die 1970's opgehang het.

Met hul eerste oefensessie het Krogmann heel laaste geëindig.

"?'n Paar minute later het Kroggie my kom vra: 'Oom, dink jy ek kan eendag 'n atleet word?'

"Ek het gesê: 'Kroggie, dit maak nie saak wat ek dink nie, maar wat jy dink en wat jyself daaraan gaan doen.'

"Die res is geskiedenis. Hy is tot vandag toe nog die eerste en enigste junior atleet wat die SA senior titels in die 10?000?m én veldloop kon wen," het Barnard gesê.

"Kroggie het my nie te vrek lank terug nie gebel om te hoor hoe dit gaan.

"Ek kon nooit dink dit sou die laaste keer wees dat ek met hom sou praat nie."

- Beeld